

## **Jesus se geboorte beteken vrede en geen vrees nie!**

**LEES** Luk 2:10

Vrydag 18 Des 2020

As 'n jong egpaar hul eerste babatjie verwag, word daar baie voorbereidings getref.

Eerstens is daar die **naamsoek**, sommige gee familienaam, ander maak samestellings van oupas en oumas se name, daar word gesoek na mooi name, eksotiese name ens.

Met **opgewondenheid** word voorgeboortelike klasse bygewoon.

Daar word dikwels '**n ooievaarstee** gehou waar vriendinne allerhande persentjies, klere, speelgoed en natuurlik ook doeke gee.

Die **babakamer** word reggemaak.

Die **dokter/ginekoloog** word dikwels besoek, alles moet net reg wees vir die koms van die baba.

### **Dan na die geboorte is jou geboortedag 'n baie belangrike datum in jou lewe.**

Jou verjaarsdag word gevier kleintyd met partytjies, eetgoed en persente.

Soos die jare aangaan is daar die belangrike verjaarsdagdatum van,

- 10-13 jaar en nou is ek 'n tiener,
- 21 jaar en dan is ek mondig en volwasse,
- 30 jaar, 40 jaar, 50 jaar 60, 70, 80, 90 en 100.

### **So vier ons op 25 Desember ons Here Jesus Christus se geboorte.**

Let wel ons praat nie van Jesus Christus se verjaarsdag nie, want **verjaar** beteken om die jare te tel by jou geboortedag en te kan sê ek is nou so of so oud.

Trouens uit die literatuur is ons seker dat Jesus nie op 25 Des. gebore is nie.

Dit gaan nie vir ons met die viering van Jesus se geboortedag oor hoe oud Hy is of sou wees nie, Hy is immers van ewigheid af tot ewigheid.

Dit gaan daaroor **DAT** Jesus Christus gebore is.

Ons vier die feit van sy geboorte en sy lewe op aarde, die ampswerk wat Hy as Jesus, die Verlosser, Christus, die Gesalfde kom verrig het.

Daar is nie nog 'n geboorte wat so wyd, pligsgetrou en ywerig gevier of herdenk word, soos die van Jesus Christus sin nie. Want Jesus se geboorte en sy lewe beteken die ewige lewe vir almal wat in Hom glo.

### **Selfs in die name lê die beloftes van verlossing in opgesluit.**

- **Betlehem** beteken huis van brood. Jesus het Homself openbaar in **Joh 6:35** as: "Ek is die brood van die lewe."  
Betlehem is ryk aan heils-geskiedenis. M.a.w. daar is baie gebeure rondom Betlehem.
  - Ragel is daar oorlede.
  - Benjamin is daar gebore Gen 35:16-20; Mat 2:16-18
  - Rut is daar getroud.
  - Jesus is daar gebore.
- **Benjamin** beteken seun van my regterhand.
  - **Jesus** word genoem God se regterhand. Ps 110:1
- **Dawid** beteken geliefde.
  - **Jesus** word genoem "My geliefde Seun" Luk 3:22
  - **Jesus** beteken Verlosser.

## **Jesus se geboorte is aangekondig en sy lof is besing deur engele vanuit die hemel.**

Eerstens het Gabriël verskyn en die geboorte aangekondig.

Daarna het 'n hele koor van engele die Verlosser geprys en aan Hom lof toebring.

Vir die eerste keer in vier honder jaar het daar weer 'n wonderlike Godsopenbaring plaasgevind met die geboorte van Jesus Christus.

## **Wat is die wyse en wat is die betekenis van die geboorte-aankondiging?**

### **Die wyse en aankondiging!**

Lukas gebruik telkemale die woorde: **“Moenie vrees nie!”**

Dit is een van die kernwoorde van die geboorteaankondiging.

**Luk 1:30** “En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.”

### **Fobos - is die griekse woord vir vrees.**

Met Jesus se geboorte word telkemale aangekondig dat daar geen vrees moet wees nie.

Moet nie bang wees vir hierdie besondere gebeurtenis wat gepaard gegaan het met engele-verskynings, 'n helder ster wat skyn, engele-sang en alles wat gepaard gegaan het rondom Jesus se geboorte nie.

#### ➤ **Inteendeel die nuus is 'n bly boodskap, 'n bly evangelie!**

Die blye boodskap is nie net vir die Jode nie, maar vir die hele wêreld, vir almal wat waarlik in Jesus Christus glo.

### **Wat was die goeie nuus?**

God het nie 'n soldaat, 'n generaal gestuur wat bevryding sal bring nie.

God het nie 'n regter of 'n hervormer van die wêreld gestuur nie.

God het 'n Verlosser gestuur, die Messias, die Koning van alle Konings vir alle tye tot in ewigheid.

Dit was 'n boodskap van vrede vir die hele wêreld.

### **Vrede beteken:**

- Vrede met God en met jouself en met jou medemens.
- Dit beteken gesondheid, maar eerstens geestelike gesondheid.
- Dit beteken vooruitgang, maar geestelike vooruitgang.
- Dit beteken om vervulling te hê in Jesus Christus met God ondanks jou omstandighede.
- Dit het te doen met geestelike vrede, baie meer as jou uiterlike omstandighede.
- Dit beteken om ondanks swaarkry, hetsy materieel, finansieel, geestelik, hartseer, armoede, rykdom, oorlog wat ookal, jou bekommernisse voor God te lê, maar die vrede te hê dat jy weet
  - jou Verlosser is gebore,
  - het vir jou gesterf en
  - het jou in volmaaktheid voor God ons Vader gestel.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)